St. Sebastiaan

20 Januarie

(sterf 288)

Daar is eintlik min bekend oor die lewe van hierdie gewilde Romeinse martelaar. Hy was blykbaar afkomstig uit Milaan en het die marteldood gesterf onder keiser Diocletianus. Hy is langs die Via Appia begrawe waar die basiliek van San Sebastiano later opgerig is. Volgens oorlewering was hy ’n offisier in die keiserlike lyfwag en toe dit uitgekom het dat hy Christen is, en hy geweier het om sy geloof af te sweer, is hy ter dood veroordeel. Hy is aan ‘n paal vasgemaak en pyle is op hom afgeskiet. Sy hele lyf is deurboor, maar hy het dit nogtans oorleef. Toe hy volkome herstel het, het hy hom by die keiser gaan aanmeld. Die keiser was stomgeslaan maar het hom nogtans laat doodmaak.

© Die Oratorium Uitgewery